

11 Maart

Skrifgedeelte: Genesis 29:31-30:24

God kies nie soos mense kies nie

Die mens kies soms so verkeerd, met slegte gevolge vir homself en die mense rondom hom. Laban het gekies om Jakob te bedrieg. Dit was egter sleg vir Jakob se huwelik, want sy twee dogters het heertyd met mekaar meegeding om Jakob se liefde.

Jakob het gekies om Ragel liever te hê as vir Lea. Die gevolg was dat daar konflik in sy huwelik was. Lea en Ragel het allerhande verkeerde metodes gekies om te kry wat hulle wou hê. Daardeur het hulle die wedywing tussen hulle net erger gemaak en het altwee steeds ontevrede gebly. Wanneer 'n mens se keuses net bepaal word deur dit wat jy graag wil hê, benadeel dit jouself en ander rondom jou. Dan vind jy nie geluk nie.

God kies anders as die mens. Hy gee vir Lea, die niegeliefde, kinders. God help die een wat verstoot word. Uit die nageslag van een van hár kinders, Juda, is Christus gebore. Christus sou die uitgeworpenes, die tollenaars en die sondaars, opsoek.

God se keuse spreek ook van genade. Lea is geseën, al het sy nie altyd reg opgetree nie. Uiteindelik het Ragel ook 'n kind van haar eie gekry. Te midde van die huwelikskonflik het God sy belofte van 'n ryke nageslag nagekom, want Jakob het nou elf seuns.

Ons hoef nie God se liefde te wen of te verdien nie. God het gekies om jou lief te hê en sy genade aan jou te gee. Dit bevry jou van die stryd om liefde waarin Ragel en Lea betrokke was.

Sing: Skrifberyming 33:1

Ds JL van der Schyff (Petrusburg/Boshof)